

UITGAWE OP GESAG
30c
Maandag 10 Maart 1986
WINDHOEK
Monday 10 March 1986
No. 5177

PUBLISHED BY AUTHORITY

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
PROKLAMASIES		PROCLAMATIONS	
No. AG. 14 Verandering van Stigtingsvoorwaardes: Khoab (Otavi)	1	No. AG. 14 Variation of Conditions of Establishment: Khoab (Otavi)	1
No. AG. 15 Verklaring van Orwetoveni tot goed-gekeurde dorp	2	No. AG 15 Declaration of Orwetoveni to be an approved township	2
No. AG. 16 Verklaring van Orwetoveni (Uitbreiding I) tot goedgekeurde dorp	6	No. AG. 16 Declaration of Orwetoveni (Extension I) to be an approved township	6

PROKLAMASIES

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 14 1986

VERANDERING VAN STIGTINGSVOORWAARDES KHOAB (OTAVI)

Ingevolge paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by artikel 31A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) maak ek hierby bekend dat ek kragtens artikel 31A(2) van genoemde Ordonnansie die voorwaardes uiteengesit in die Bylae by Proklamasie 38 van 1985 verander het soos in die Bylae uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal Windhoek, 5 Februarie 1986

PROCLAMATIONS

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 14 1986

VARIATION OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: KHOAB (OTAVI)

In terms of paragraph (b) of the proviso to section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby make known that I have under section 31A(2) of the said Ordinance, varied the conditions set forth in the Schedule to Proclamation 38 of 1985 as set out in the Schedule.

L. PIENAAR

Administrator-General Windhoek, 5 February 1986

BYLAE

1. Item 2 word hierby gewysig deur die nommers "444" "445" en "446" deur, onderskeidelik, die nommers "445" "446" en "447" te vervang.
2. Item 3 word hierby gewysig deur in subitem (a) die nommers "386" en "444" deur onderskeidelik, die nommers "388" en "445" te vervang, en deur in subitem (b) die nommer "383" deur die nommer "384" te vervang.
3. Item 4B word hierby gewysig -
 - i) deur in paragraaf (1) die nommer "423" deur die nommer "424" te vervang;
 - ii) deur in paragraaf (2) die nommers "382", "388", "424" en "443" deur, onderskeidelik, die nommers "383", "389", "425" en "444" te vervang;
 - iii) deur in paragraaf (3) die nommer "384" deur die nommer "385" te vervang; en
 - iv) deur in paragraaf (4) die nommer "385" deur die nommer "386" te vervang.

SCHEDULE

1. Item 2 is hereby amended by the substitution for the numbers "444", "445" and "446" of the numbers "445", "446" and "447" respectively.
2. Item 3 is hereby amended by the substitution in subitem (a) for the numbers "386" and "444" of the numbers "388" and "445", respectively, and by the substitution in subitem (b) for the number "383" of the number "384".
3. Item 4B is hereby amended -
 - i) by the substitution in paragraph (1) for the number "423" of the number "424";
 - ii) by the substitution in paragraph (2) for the numbers "382", "388", "424" and "443" of erf numbers "383", "389", "425" and "444" respectively;
 - iii) by the substitution in paragraph (3) for the number "384" of the number "385"; and
 - iv) by the substitution in paragraph (4) for the number "385" of the number "386".

No. AG. 15

1986

VERKLARING VAN ORWETOVENI
TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan D. 65(A.634/82) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal Windhoek, 24 Februarie 1986

No. AG. 15

1986

DECLARATION OF ORWETOVENI
TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan D. 65(A.634/82) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR

Administrator-General Windhoek, 24 February 1986

BYLAE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Orwetoveni.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 133 erwe genummer 13 tot 58, 760 tot 783, 785 tot 847 en strate soos aangedui op Algemene Plan D. 65(A.634/82).

3. TITELVOORWAARDES

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

(1) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat -

(a) dat sodanige waterpyple, stormwaterafvoerpyple, rioolpyple of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, soos die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag, op so 'n wyse en in so 'n ligging soos van tyd tot tyd na oorlegpleging met die eienaar van die erf deur die plaaslike bestuur bepaal word, oor die erf aangelê word;

(b) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyple, stormwaterafvoerpyple, rioolpyple of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, tydelik op die erf geplaas mag word;

(c) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyple, stormwaterafvoerpyple, rioolpyple of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree.

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Orwetoveni.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 133 erven numbered 13 to 58, 760 to 783, 785 to 847 and streets as indicated on General Plan D. 65(A.634/82).

3. CONDITIONS OF TITLE

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

(1) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow -

(a) such water pipelines, storm water drain pipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority, to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of such erf;

(b) any materials that may be excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipeline, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(c) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance or removal of any such water pipeline, or storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpylp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal bedoel in subparagraaf (b), deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

- (2) Die eienaar van die erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat deel van die erf in enige straat wat aan die erf grens val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is opgerig het en enige straat wat aan die erf grens daarna gemaak of herbou word op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

- (3) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

- (4) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkerij, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enige van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Gowermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (5) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, mag geen ste-

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipeline, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials referred to in subparagraph (b), shall be compensated by the local authority.

- (2) The owner of the erf shall at his own expense, erect a retaining wall or walls provided by the local authority, to prevent any portion of the erf from falling into the street adjoining the erf or *vice versa*, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has already erected such a retaining wall or walls approved by the local authority, and any street or streets adjoining the erf are thereafter constructed or reconstructed on such a level that as a consequence thereof a new retaining wall or walls have to be altered to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa*, as the case may be, such erection or alteration shall be effected at the expense of the local authority.

- (3) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

- (4) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever shall be established or conducted on the erf.

For the purpose of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the trades, businesses, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated under Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (5) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles, ear-

ne, teëls, erdepype of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.

(6) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.

(7) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.

B. Die volgende bykomende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe behalwe erf 825:

(1) die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.

(2) Slegs een gebou, ontwerp en bestem vir bewoning deur slegs een gesin, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.

(3) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R13 000,00 wees.

(4) Geen geboue of strukture, of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheining, brandmure of spoorlyne) na gelang van die geval, mag binne 3 meter van enige straat- of agtergrens en binne 1,25 meter van enige sygrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

C. Die volgende bykomende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewys van erf 825:

thenware pipes or any other articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.

(6) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.

(7) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf, without the written approval of the local authority.

B. The following additional conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven except erf 825:

(1) The erf shall be used for residential purposes only.

(2) Only one building, designed and destined for occupation by only one family, with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.

(3) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R13 000,00.

(4) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines) as the case may be, shall be erected within 3 metres of any street boundary or rear boundary or within 1,25 metres of any lateral boundary of the erf.

For the purpose of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary, and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

C. The following additional conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deed of erf 825:

- (1) Die erf mag slegs vir kerkdoeleindes gebruik word.
- (2) Slegs een hoofgebou, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (3) Die bouwaarde van die hoofgebou, met inbegrip van die buitegeboue, moet minstens R25 000,00 wees.
- (4) Geen geboue of strukture, of enige deel daarvan (behalwe grensmure of omheiningen), na gelang, mag binne 5 meter van enige straatgrens en geen hoofgebou mag binne 3 meter van enige agter- of sygrens van die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat buitegeboue op die agter- of sygrens van die erf opgerig mag word as die muur wat op sodanige agter- of sygrens staan 'n brandmuur is.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

- (1) The erf shall be used for purposes of a church only.
- (2) Only one main building, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (3) The building value of the main building, including the outbuildings, shall be at least R25 000,00.
- (4) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls or fences), as the case may be, shall be erected within 5 metres of any street boundary and no main building within 3 metres of any rear or lateral boundary of the erf: Provided that outbuildings may be erected on the rear or lateral boundary of the erf if the wall that stands on such rear or lateral boundary, is a fire wall.

For the purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary, and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

No. AG. 16 1986

VERKLARING VAN ORWETOVENI (UITBREIDING 1) TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan D. 66(A.50/84) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal Windhoek, 24 Februarie 1986

No. AG. 16 1986

DECLARATION OF ORWETOVENI (EXTENSION 1) TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan D. 66(A.50/84) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR

Administrator-General Windhoek, 24 February 1986

BYLAE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Orwetoveni (Uitbreiding 1).

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 662 erwe genummer 848 tot 1507, 1512, 1513 en strate soos aangedui op Algemene Plan D. 66(A.50/84).

3. GERESERVEERDE ERWE

Erwe 952 en 1464 word gereserveer vir die Goewerment van die Gebied vir onderwysdoeleindes.

4. TITELVOORWAARDES

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

(1) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat -

(a) dat sodanige waterpyplyne, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, soos die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag, op so 'n wyse en in so 'n ligging soos van tyd tot tyd na oorlegpleging met die eienaar van die erf deur die plaaslike bestuur bepaal word, oor die erf aangelê word;

(b) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpipe, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;

(c) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Orwetoveni (Extension 1).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 662 erven numbered 848 to 1507, 1512, 1513 and streets as indicated on General Plan D. 66(A.50/84).

3. RESERVED ERVEN

Ervens 952 and 1464 are reserved for the Government of the Territory for educational purposes.

4. CONDITIONS OF TITLE -

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

(1) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow -

(a) such water pipelines, storm water drain pipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority, to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of such erf;

(b) any materials that may be excavated during the construction, maintenance, or removal of any such water pipeline, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(c) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance or removal of

verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal bedoel in subparagraaf (b), deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

(2) Die eienaar van die erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat deel van die erf in enige straat wat aan die erf grens val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds so 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is opgerig het en enige straat wat aan die erf grens daarna gemaak of herbou word op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

(3) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(4) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

any such water pipeline, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times.

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipeline, storm water drain pipe, or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials referred to in subparagraph (b), shall be compensated by the local authority.

(2) The owner of the erf shall at his own expense, erect a retaining wall or walls approved by the local authority, to prevent any portion of the erf from falling into any street adjoining the erf or *vice versa*, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has already erected such a retaining wall or walls approved by the local authority and any street or streets adjoining the erf are thereafter constructed or reconstructed on such level that as a consequence thereof a new retaining wall or walls have to be erected or that an existing retaining wall or walls have to be altered to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa*, as the case may be, such erection or alteration shall be made at the expense of the local authority.

(3) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

(4) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever shall be established or conducted on the erf.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enige van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Gowermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (5) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen stene, teëls, erdepype of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.
- (6) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.
- (7) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.
- (8) Geen geboue of strukture, of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheininge, brandmure of spoorlyne), na gelang, mag binne 3 meter van enige straat- of agtergrens en binne 1,25 meter van enige sygrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

B. Die volgende bykomende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van die volgende erwe:

(1) Erf 953:

Die erf mag slegs vir een of meer van die volgende doeleindes gebruik word:

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the trades, businesses, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated under Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (5) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles, earthenware pipes or any other articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.
- (6) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.
- (7) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf, without the written approval of the local authority.
- (8) No building or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines) as the case may be, shall be erected within 3 metres of any street boundary or rear boundary or within 1,25 metres of any lateral boundary of the erf.

For purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary, and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

B. The following additional conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of the following erven:

(1) Erf 953:

The erf shall be used for one or more of the following purposes only:

(a) 'n Kerk, waarvan die bouwaarde van die hoofgebou, met inbegrip van die buitegeboue, minstens R25 000,00 moet wees;

(b) 'n Pastorie;

(c) 'n Kinderbewaarskool;

(d) 'n Koshuis vir primêre onderwysdoeleindes;

met inbegrip van woonhuise vir *bona fide* - werknemers werksaam by so 'n kerk, pastorie, kinderbewaaarskool of koshuis.

(2) Erwe 848 tot 951, 954 tot 971, 974 tot 1002, 1004 tot 1009, 1011 tot 1128, 1144, 1149 tot 1463, 1465 tot 1506, 1512 en 1513:

(a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.

(b) Slegs een gebou, ontwerp en bestem vir bewoning deur slegs een gesin, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.

(c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R5 000,00 wees.

(3) Erf 1148:

Die erf mag slegs vir woon- of besigheidsdoeleindes gebruik word en in die geval waar die erf gebruik word -

(a) vir woondoeleindes -

(i) mag slegs een gebou, ontwerp en bestem vir bewoning deur slegs een gesin, met die nodige buitegeboue, op die erf opgerig word; en

(ii) moet die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, minstens R13 000,00 wees;

(b) vir besigheidsdoeleindes -

(a) A church, of which the building value of the main building, including the outbuildings, shall be at least R25 000,00;

(b) A parsonage;

(c) a crèche;

(d) A hostel for primary educational purposes;

including dwellings for *bona fide* employees employed at such a church, parsonage, crèche or hostel.

(2) Erven 848 to 951, 954 to 971, 974 to 1002, 1004 to 1009, 1011 to 1128, 1144, 1149 to 1463, 1465 to 1506, 1512 and 1513:

(a) The erf shall be used for residential purposes only.

(b) Only one building, designed and destined for occupation by only one family, with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.

(c) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R5 000,00.

(3) Erf 1148:

The erf shall be used for residential or business purposes only and in the case where the erf is used -

(a) for residential purposes -

(i) only one building, designed and destined for occupation by only one family, with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf; and

(ii) the building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R13 000,00;

(b) for business purposes -

- (i) mag hoogstens twee hoofgeboue, met die nodige buitegeboue, op die erf opgerig word; en
- (ii) moet die bouwaarde van elke hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, minstens R20 000,00 wees.

(4) Erwe 972, 1003, 1010, 1129 tot 1143 en 1145 tot 1147:

- (a) Die erf mag slegs vir besigheidsdoeleindes gebruik word.
- (b) Slegs een hoofgebou, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R20 000,00 wees.
- (d) Die beslaanoppervlakte van die grondvloer van die geboue wat op die erf opgerig word, mag nie meer as 840 vk meters wees nie.
- (e) Geen woonkwartiere mag op dieselfde vloer as winkels en kantore voorsien word nie.

(5) Erf 1507:

- (a) Die erf mag slegs gebruik word vir nywerheidsdoeleindes, met inbegrip van die ontvang, bewaring, verpakking, hantering, verspreiding en verkoop van petroleumprodukte in die groot- of kleinhandel, maar met uitsluiting van die oprigting van 'n petrolvulstasie of diensstasie op die erf.
- (b) 'n *Bona fide*-opsigterswoonstel, waarvan die beslaanoppervlakte van die grondvloer nie meer as 112 vk meters mag wees nie, mag deel van die hoofgebou vorm.

(6) Erf 973:

Die erf mag slegs vir die oprigting van 'n vergadersaal gebruik word.

- (i) not more than two main buildings, with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf; and
- (ii) the building value of each main building, excluding the outbuildings, shall be at least R20 000,00.

(4) Erven 972, 1003, 1010, 1129 to 1143 and 1145 to 1147:

- (a) The erf shall be used for business purposes only.
- (b) Only one main building, with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.
- (c) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R20 000,00.
- (d) The coverage of the ground floor of the buildings erected on the erf shall not be more than 840 sq. metre.
- (e) No living quarters shall be provided on the same floor as shops and offices.

(5) Erf 1507:

- (a) The erf shall be used for industrial purposes only, including the reception, storage, packing, handling, distribution and sale of petroleum products by wholesale or retail, but excluding the erection of a petrol filling station or service station on the erf.

- (b) A *bona fide* caretaker's flat of which the coverage of the ground floor shall not be more than 112 sq metre, may be part of the main building.

(6) Erf 973:

The erf shall be used for the erection of a meeting hall only.